

Reëlings vir 2 Junie 2020

Vanaf 2 Junie gaan alle Graad 12-leerders by die skool wees.

Daar was 'n versoek dat onderwysers in die oggend by Hampton straathek moet inry.

Aanmeldpunte van registerklasse by hekke:

- 12A1 Kleinhekkie by die saal
- 12E1 en 12E2 Inryhek
- 12E3 en 12E4 Uitryhek
- 12E5 Skuinshek in Toner straat
- 12E6 Voortrekkerweghek

Instap by die hekke:

Onderwysers sal aangewys word (diensspanne) om leerders by die hekke te ontvang. Diensspanne se funksie by hekke:

- U moet toesien dat die leerders 'n masker dra en sosiale afstand van 1.5m handhaaf
- Laat leerders hul hande saniteer
- Merk aanwesigheid op registerklaslys af (lyste na GO se vakkie sodra alle leerders deur die hek beweeg het)
- Motiveer leerders om so spoedig moontlik na die aangewese ingang en registerklas te beweeg (sien registerklasindeling en aantreepunte)

Aantreepunte:

GO OFFICE	12 A1 + 12 E2
GYM	12 E3 + 12 E6
ST OFFICE	12 E1 + 12 E5
METAL WORK	12 E4

Diensspanne se funksie by ingang van aantreepunt:

- Maak seker dat leerders die sosiale afstand handhaaf
- Skandeer die leerder se temperatuur (temperatuur word of in die dagboek aangeteken of op 'n plakker geskryf)
- Vra die volgende vrae:
 - Hoes jy?
 - Het hy/sy koors? (38°C of meer)
 - Is hy/sy kort van asem?
 - Het hy/sy 'n seer keel?
 - Was hy/sy in noue kontak met iemand met die Coronavirus (Covid-19)?

Indien die antwoorde op hierdie vrae aantoon dat die leerder 'n risiko vir ander inhou, moet hy vergesel word na die glaskas waar personeel hom/haar sal ontvang en die ouer kontak om hom/haar te kom haal.

- Sien toe dat leerders direk na hul registerklasse beweeg.

By registerklas:

Die volgende prosedure word gevolg:

- Leerder gaan sit in aangewese sitplek en vul die vorm in.
- Registeronderwyser verseker dat alle vorms ingeneem is. Inhoud van vorm moet deurgedaan word om te verseker dat alle risiko-gevalle verwyder is. Indien daar twyfel bestaan, moet die algemene kantoor gekontak word om leerder te verwyder.
- Alle ander belangrike afkondigings word gedoen.
- Registeronderwyser moet afwesigheid doen, briewe inneem ens.

(Personeel moet bespreek hoe prosedure vanaf periode 1 gaan verloop.)
As leerders in gange beweeg, moet sosiale afstand gehandhaaf word.

Pouse areas:

Klas en Seksie	Area	Toilette
A1 en E1	Hokkieveld (GR 8-seuns-gebied)	Matriek
E2	Netbalbaan voor (GR 10-seuns-gebied)	A-Blok
E3 en E4	Netbalbaan by stoor (nie groen blad)	A-Blok
E5	Vierkant by Gim	Seuns: Matriek Meisies: B-Blok
E6	Graad 8-dogtersarea	B-Blok

Indien leerders tydens periodes die toilet wil besoek, moet die algemene kantoor gekontak word om die diensspan te stuur sodat die leerder deur 'n onderwyser vergesel word. Spanne sal in sekere tydgleuwe aangestel word vir die doel.

Aan die einde van die dag moet die leerders die skool verlaat deur dieselfde hek as wat hulle die oggend die perseel betree het.